

Kurrikulum Direktooraat: AOO		LESPLAN	
Vak	Afrikaans HT	Kwartaal	2
Graad	7	Week	7
Skakel met onderrig- en assesseringsplan	<p>Letterkundige tekste: Poësie en Drama: Uittreksel uit 'n toneel.</p> <p>Aktiwiteite 1: Lees & Kyk: Poësie:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Pas leesproses en -strategieë toe. • Ondersoek kenmerke van 'n gedig. • Hersien woordeskat: Letterkundige terme van poësie <p>Aktiwiteite 1: Taalstrukture- en konvensies:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Ondersoek die skryftekens: Koppeltekens • Toepassing van die koppeltekens in konteks. <p>Aktiwiteit 2: Lees & Kyk/Praat: Drama: Uittreksel uit 'n toneelstuk</p> <ul style="list-style-type: none"> • Pas leesproses en -strategieë toe. • Ondersoek kenmerke en struktuur van 'n toneel. • Hersien letterkundige terme. 		
	Inleiding	<p>TEMA: Letterkundige tekste</p> <p>Graad 6: Kennis gemaak met Poësie en 'n drama: Uittreksel uit 'n toneel. Lees en Kyk:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Tekstenmerke en struktuur van 'n gedig: beeldspraak en rym. • Tekstenmerke en struktuur van 'n drama/toneel. • Leesstrategieë: Vluglees en soeklees. • Begripstrategie: Voorspel. <p>Hardoplees:</p> <ul style="list-style-type: none"> ○ Voorlees met gevoel. <p>Taal:</p> <ul style="list-style-type: none"> ○ Koppeltekens <p>Praat:</p> <ul style="list-style-type: none"> ○ Rolspel <p>Graad 7:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Doel van die tema is om reeds verworwe kennis te hersien, miskonsepte uit die weg te ruim, te bou op konsepte en vaardighede om te kan toepas en sodoende eie tekste kreatief te kan skep. <p>Toepassing in daaglikse lewe:</p> <ul style="list-style-type: none"> ○ Poësie en drama is deel van ons lewens. Dit prikkel ons kreatiewe denke. Dit is belangrik dat ons die doel en kenmerke van die kreatiewe tekste sal kan begryp om ons eie kreatiewe teks te kan skep. ○ Om die skryftekens, koppeltekens, se gebruike te verstaan en sodoende korrek te kan gebruik wanneer ons skryf. 	
Konsolidasie	<ul style="list-style-type: none"> • Leerders voltooi die aktiwiteite, kyk na video-insetsels, volg die kontrolelyste en assesser hul eie werk, selfstandig of saam met die hulp van 'n familielid/maat. • Leerders kan teruggaan na die verduidelikings (geskrewe of visueel) om miskonsepte te verifieer of te korrigeer. • Leerders word deur die voltooiing van die aktiwiteite willekeurig ingetrek om daaglik bewus te word van 'n kreatiewe wêreld. 		

<p>Papiergebaseerde bronne: Handboeke beskikbaar Werkkaarte met inligting en vrae Woordeboek Video-insetsels:</p> <ul style="list-style-type: none"> o Gedigte o Skryftekens o Boustene van 'n storie 				<p>Digitale bronne: https://wcedportal.co.za/curriculum-supporthttps://wcedportal.co.za/partners/#103031 Gedigte: https://youtu.be/xvtPcWIKHVI https://drive.google.com/file/d/10jiRyhCbS2Ays-dSX-wo2f-CJV1dgtZp/view?usp=sharing https://youtu.be/rXv0dJ5ERzY Skryftekens: https://youtu.be/urNGHsblOHY Week 1: Hersiening van boustene https://drive.google.com/file/d/1DtqcLDHJuw7B1Ys_48ex94LF_EvBs6eOk/view?usp=sharing</p>			
<p>AKTIWITEITE VIR DIE ONDERWYSER</p>	<p>VAARDIGHEDE (WAT ek gaan onderrig / begelei / ondersteun ...)</p>	<p>ONDERRIGMETODOLOGIEË / BENADERING (HOE ek gaan onderrig / begelei / ondersteun ...)</p>	<p>Hulpbronne / LOOM (WAT ek gaan gebruik om te onderrig / begelei / ondersteun ...)</p>				
	<p>Lees en Kyk:</p> <ol style="list-style-type: none"> 1. Ondersoek die kenmerke en struktuur van: <ul style="list-style-type: none"> o 'n Gedig o Drama: 'n Uittreksel uit 'n toneelstuk. 2. Hersien en toepassing van letterkundige terme/woordekat. 3. Toepassing van kenmerke en struktuur in konteks. <p>Praat:</p> <ol style="list-style-type: none"> 1. Rolspel van die toneel. 	<p>Pre-Lees</p> <ul style="list-style-type: none"> • Visuele leiding om voorspellings te maak. • Begeleidende vraagstelling om leesstrategie, voorspelling, te versterk. • Hersien voorafkennis en bou daarop. <p>Gedurende Lees:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Ondersteun leerder deur woordeskat, letterkundige terme en konsepte te verduidelik. <p>Post-Lees</p> <ul style="list-style-type: none"> • Kontroleer en ondersteun toepassings in konteks. • Luister na die voorlesing van gedig. <p>Praat:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Luister en kyk na die rolspel. • Lewer positiewe en opbouwende kritiek. 	<p>Aktiwiteit 1: <i>Kaboutertiefde</i>, Ingrid Jonker.</p> <p>Aktiwiteit 2: <i>Word wense waar?</i></p>				
	<p>Taalstrukture en Konvensies:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Die skryftekens: Koppelteken 	<p>Lees- en skryftekens:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Ondersoek die skryftekens: Koppelteken • Pas taal geïntegreerd in konteks toe. 	<p>Aktiwiteit 1</p>				



AKTIWITEITE VIR DIE OUER

In hierdie week gaan u leerder die volgende vaardighede doen:

1. **Praat:** U kan saam met die leerder na dramas op die TV kyk en bespreek.
2. **Lees en Kyk:** Die aktiwiteitsbladsy sal u help en lei om vrae te vra.
3. **Woordeskat:** Help u leerder met onbekende woorde te verduidelik of na te slaan.
4. **Taal:** Die verduidelikings is op die aktiwiteitsbladsy. Help u leerder indien leerder vashaak.

- Help u leerder deur saam met hom/haar deur die aktiwiteitsbladsye te lees. Kyk ook na die opvoeder se instruksies bo.
- Luister na u leerder as hulle moet lees/voordra of iets vertel aan u.
- Lewer positiewe kommentaar oor hul pogings.
- Lees gedigte voor aan u leerder – soek saam met u kind na oulike gedigte.
- Maak flitskaarte met woordeskat op en plak teen 'n muur waar dit sigbaar is vir u leerder.

1. Gedigte op Google/boeke/leerder se handboek.
2. Dramas op die TV.
3. Video-insetsels van gedigte en dramas.
4. Aktiwiteite 1 & 2
5. Woordeboek / VivA-app.
6. Die afdeling, ouerhulp, sal vir u leiding gee.

Volg die aktiwiteite 1 & 2. Dit is presies uiteengesit wat jy moet doen.

1. Aktiwiteit 1: Lees & Kyk:

- Gebruik die visuele prente om 'n voorspelling te maak.
- Gebruik soeklees om meer inligting te verkry.
- Beantwoord vrae oor voorafkennis.
- Lees die gedig selfstandig.
- Volg die instruksies om te bou op voorafkennis: kenmerke en struktuur.
- Beantwoord en kontroleer toepassingsvrae.
- Oefen en dra die gedig voor.

Taalstrukture en -konvensies:

- Leer meer oor die koppelteken.
- Beantwoord vrae oor die koppelteken.

2. Aktiwiteit 2: Lees & Kyk/Praat:

- Gebruik die visuele prente om 'n voorspelling te maak.
- Gebruik soeklees om meer inligting te verkry.
- Beantwoord vrae oor voorafkennis.
- Lees die toneel saam met ander familieledede: karakters en verteller.
- Volg die instruksies om te bou op voorafkennis: kenmerke en struktuur.
- Beantwoord en kontroleer begripsvrae.
- Rolspel die toneel.

Dankie vir jou harde werk! Wees veilig en bly gesond



AKTIWITEITE VIR DIE LEERDER

LEES & KYK: LETTERKUNDE: Poësie

TAALSTRUKTURE en -KONVENSIES: Koppeltekenwoord

Week 7 (Letterkunde vervolg van week 6): Aktiwiteit 1: 30 minute + 30 minute

OPVOEDER


- **Lees en Kyk:** Belangrikste kenmerke van 'n gedig.
- **Onderzoek** die:
 - Interne struktuur van 'n gedig soos beeldspraak/stylfigure, rym, ritme;
 - Uiterlike bou van die gedig soos reëls, strofes, tipografie;
 - Figuurlike betekenis;
 - Atmosfeer;
 - Tema en boodskap.
- **Woordeskat:** Letterkundige terme van poësie.
- **Taalstrukture en -konvensies:** Onderzoek die skryftekens: Koppeltteken



OPVOEDER-/OUER-/MAATHULP

Pre-Lees:

1. **Kyk** slegs na blok A: **Voorspel** saam waarom die gedig sal handel.
2. **Kyk** na blok B: **Beantwoord** die vrae onderaan die blok.
3. **Lees** saam die onderstaande gedig lees.
4. **Vra** die volgende vrae aan die leerder (onderaan).



- a) **Wat** is die titel van die gedig wat ons gaan lees?
- b) **Wie** is die digteres van die gedig?
- c) **Wie dink jy** is die twee mense in die foto?
- d) Die gedig is **opgedra** aan Simone. Wie dink jy is Simone?

- a) Kabouterliefde
b) Ingrid Jonker
c) 'n Ma en haar dogterlief.
d) Ingrid Jonker se dogter.

LEERDER/VERDUIDELIKING/INHOUD

Pre-Lees:

1. **Hersien** die volgende beeldspraak en rym:

Beeldspraak:

- Personifikasie
- Alliterasie
- Vergelyking
- Metafoor
- Klanknabootsing







Rym:

- Paarrym
- Omarmde rym
- Kruisrym
- Gebroke rym
- Slagrym



- **Verbind** die beeldspraakterme in kolom A met die korrekte beskrywing in kolom B.

Die prentjies is wenke! Moenie na die antwoorde loer nie – probeer eers self.

A	B
Personifikasie 	Herhaling van medeklinkers/konsonante, bv. Die vet vark vreet vreeslik . Die medeklinker, - v, word herhaal.
Alliterasie 	Ooreenkomste van twee voorwerpe wat met mekaar vergelyk word deur die woord/-e, soos of <i>net soos</i> , te gebruik, bv. Juffrou se hare lyk soos 'n wilde voëlnes.
Vergelyking  = 	Nie-lewende voorwerpe of 'n natuurelement 'n menslike eienskappe toevoeg, bv. Die maan huil. Die maan is 'n natuurelement en kan mos nie soos 'n mens tranes huil nie.
Metafoor 	Die namaak van 'n geluid, bv. My boek het <i>kaplaks</i> op die grond geval.
Klanknabootsing (Onomatopoeë) 	'n Figuurlike uitdrukking wat 'n vergelyking vorm SONDER die woorde/-e, soos of <i>net soos</i> . Die twee voorwerpe wat vergelyk word, word een, bv. Juffrou se hare is 'n wilde voëlnes.

- **Kontroleer** jou antwoorde saam met 'n familielid.

A	B
Personifikasie	Nie-lewende voorwerpe of 'n natuurelement 'n menslike eienskappe toevoeg, bv. Die maan huil.
Alliterasie	Herhaling van medeklinkers/konsonante, bv. Die vet vark vreet vreeslik .
Vergelyking	Ooreenkomste van twee voorwerpe wat mekaar vergelyk word deur die woord/-e, soos of <i>net soos</i> , te gebruik, bv. Juffrou se hare lyk soos 'n wilde voëlnes.
Metafoor	'n Figuurlike uitdrukking wat 'n vergelyking vorm SONDER die woorde/-e, soos of <i>net soos</i> . Die twee voorwerpe wat vergelyk word, word een, bv. Juffrou se hare is 'n wilde voëlnes.
Klanknabootsing (Onomatopoeë)	Die namaak van 'n geluid, bv. My boek het <i>kaplaks</i> op die grond geval.

- **Verbind** die rymskemas in kolom A met die korrekte rympatroon in kolom B.

A	B
Paarrym	a b c b
Omarmde rym	a a b b
Kruisrym	a a a a
Gebroke rym	a b a b
Slagrym	a b a b

Antwoorde:
Moenie loer nie.

a a a a	Slagrym
a b c b	Gebroke rym
a b a b	Kruisrym
a b a a	Omarmde rym
a a b b	Paarrym
B	A

Gedurende Lees:

1. **Lees** nou die gedig, *Kabouterliefde*, geskryf deur Ingrid Jonker, selfstandig.

KABOUTERLIEFDE

<ol style="list-style-type: none"> 1. Die kabouter met die rooi-rooi pet 2. die kabouter met die geel hemp aan 3. het sy hart gisteraand vir my gegee 4. en sy hemp vir die maan 5. Die hoepelronde blou-blou lug 6. het kadoemps op die grond geval 7. hy't dit blink-blou in sy hand gerol 8. toe speel ons daarmee bal 9. Die sterre met hul wit ligte 10. het geknipoog toe ons lag 11. hul't rondom ons in a kring getrek 12. soos 'n laer in die nag 	<ol style="list-style-type: none"> 13. Die aandblom het sy trom-trompet 14. geblaas in die warrelwind 15. die kalkoentjies met hul rooi mondjies 16. het die springkaanwals gesing 17. Die maan met sy geel lyfie 18. het gaan plat lê op sy rug 19. hy't gaan slaap by die gousblomme 20. met sy boepens in die lug 21. Die kabouter met die rooi-rooi hart 22. het dit self vir my gesê 23. hy't die aardbol oor sy kop gegooi 24. O! dis hier waar die liefde lê
--	---

2. **Woordeskat:**

Kalkoentjies is 'n homoniem. Dit het twee betekenisse. **Kies** die betekenis wat van toepassing is in die gedig.

'n Voëlsoort.



'n Veldblom.



'n Veldblom ✓

Post-Lees:

3. **Kyk** of jy die bogenoemde **beeldspraak** kan identifiseer.
4. **Bepaal** die **rymskema**.
5. **Beantwoord** die volgende vrae oor die **uiterlike bou** van die gedig.
 - a) Hoeveel versreëls het die gedig?
 - b) Uit hoeveel strofes bestaan die gedig? ('n Strofe is 'n groepie versreëls of soos in 'n storie, 'n paragraaf)



- c) 'n Strofe wat uit 4 reëls bestaan, noem ons 'n kwartryn / tersiene? (Wenk: Die nommer 4)
- d) Hier is 'n voorbeeld van tipografie van 'n gedig wat oor die aarde handel.
As jy die **tipografie** (die manier hoe die swart letters op die bladsy gedruk is) van die gedig, *Kabouterliefde*, kan verander, in watter vorm uit die natuur sou jy dit na verander?

- a) 24 versreëls
b) 6 strofes
c) kwartryn ('n tersiene het 3 versreëls)
d) sampioen / blom / 'n gepaste vorm uit die natuur.



Lees die gedig hardop voor aan 'n familielid.

LEERDER/VERDUIDELIKING/INHOUD

Taalstrukture en -konvensies:

- Ondersoek** die skryftekens: Koppelteken
 - In die gedig, *Kabouterliefde*, word **blou-blou** met 'n **koppelteken** geskryf. Hoekom?
 - Ons **gebruik** die koppelteken in **blou-blou** by **herhalingsvorme** (blou word twee keer gebruik). Ons het agtergekom in die gedig dat die herhalingsvorm die kleur **blou** beklemtoon.
 - Kyk** na die onderstaande gevalle waar ons koppeltekens gebruik.



Mense wat **asma-aanvalle** kry is veral blootgestel aan die Covid **19-virus**. Hulle moet hulle hande veral goed aan die **binne- en buitekant** met seep in 'n **heen-en-weer** beweging was. Ons kan nie nou meer sommer **Ma-hulle** se waarskuwings oor virusoordraging ignoreer nie. In **Suid-Afrika** is ons veral goed ingelig oor die Koronavirus.

- Toepassing** in konteks.
 - Verbind** die donkergedrukte woorde in die teks (in kolom A) met die korrekte reël in kolom B.

A	B
asma-aanvalle	Verbindings van 'n aardrykskundige eienaar en 'n windrigting.
covid 19-virus	Verbindings met –en.
binne- en buitekant	Opeenhoping van vokale.
heen-en-weer	Verbindings met –hulle en –goed.
Ma-hulle	Weglatingsteken.
Suid-Afrika	Verbindings met syfers, simbole, lettername, afkortings en akronieme.

A	B
asma-aanvalle	Opeenhoping van vokale.
covid 19-virus	Verbindings met syfers, simbole, lettername, afkortings en akronieme.
binne- en buitekant	Weglatingsteken (let op die spasie na die koppelteken).
heen-en-weer	Verbindings met –en.
Ma-hulle	Verbindings met –hulle en –goed.
Suid-Afrika	Verbindings van 'n aardrykskundige eienaar en 'n windrigting.



LEES & KYK/PRAAT: Drama: Uittreksel uit 'n toneelstuk
Week 7: Aktiwiteit 2: 30 minute

OPVOEDER

- **Lees en Kyk:** Leesproses word gevolg: Pre-Lees, Gedurende Lees en Post-Lees.
- **Ondersoek** die:
 - Belangrikste kenmerke van 'n drama.
 - Struktuur/formaat van 'n drama.
- **Hersien:** Letterkundige terme van 'n verhaal/storie soos in week 1 behandel.



OPVOEDER-/OUER-/MAATHULP

Pre-Lees:

1. **Kyk** slegs na die prente by die uittreksel in onderstaande blok.
2. **Voorspel** saam waaroor die uittreksel van die toneelstuk sal handel.
3. **Hoe** weet ons dit is 'n dialoog as jy na die visuele teks kyk?
4. **Hoe** weet ons dit is 'n dialoog as jy na die geskrewe teks kyk?
5. **Verdeel** die rolle tussen drie mense rondom jou: Ma, Sandi en die Verteller.
6. **Lees** saam die onderstaande toneel.



3. Sprakkeborrels
4. Name van die karakters staan aan die linkerkant, gevolg deur 'n dubbelpunt en geen aanhalingstekens.



Word wense waar?

Aan die begin van hierdie toneelstuk is die twaalfjarige Sandi en haar ma in die kombuis van hulle eenvoudige huis. Sandi se ma is besig om die vloer te vee. Later sluit 'n selfversekerde en raaiselagtige vreemdeling hom by hulle aan.

Ma: Ek wens ons huis was groter en deftiger. Ek wil al so lank 'n nuwe sitkamerstel hê ... en 'n skottelgoedwasser. (Leun op haar besem en staar voor haar uit.) Ag, nou ja, ek kan ten minste daarvan droom.

(Ma bêre die besem en begin om aandete voorberei. Sandi kom in en sak op 'n stoel langs die tafel neer.)

Sandi: (Terwyl sy met haar arms op die tafel leun.) Is die kos al klaar, Ma? Ek sterf van die honger!

Ma: Nee. As ek hulp gehad het, was dit dalk al klaar.

Sandi: Ek wens Ma het hulp gehad en dat ek iemand gehad het om my by die skool te kom haal.

Ma: Iemand om jou te kom haal? Ek wens dit was ek in 'n swierige sportmotor, maar dit gaan nooit gebeur nie.

(Geluid van 'n deurknop wat wikkkel en 'n deur wat oopgaan.)

Sandi: (Lyk bang.) Wat was dit. Ma? Daar's iemand by die deur!

Vreemdeling:	(Kom die verrtek binne.) Nie moontlik nie? Gaan nooit gebeur nie? Is jy seker, Ma? Jy wens jy het 'n groter en deffiger huis gehad, 'n sitkamerstel, 'n skottelgoedwasser ... Is jy seker dit is al waarvoor jy wens?
Sandi:	(Lyk geskok, dan opgewonde.) Wel, noudat jy vra, ek wil graag 'n tablet of 'n slimfoon hê of wat van DStv? Wat wil Ma graag hê?
Vreemdeling:	Ek het verbygestap en julle hoor praat. (Hulle staar albei na hom.) Ek het die mag om vir julle drie wense te laat waar word, maar ek moet julle waarsku dat julle net drie wense het. Wees versigtig. Moet hulle nie vermors nie! (Ma en Sandi kyk in ongeloof na mekaar. Vreemdeling van verhoog of.)
Ma:	(Draai om om vir die vreemdeling 'n vraag te vra.) Um ... (Kyk na waar die vreemdeling was.) Hoe jammer dat hy weg is. Net toe ek begin dink ons lewe kan verander. Ag, nou ja. Kom ons eet aandete en gesels in elk geval oor die drie dinge waarvoor ons sou gewens het.
Sandi:	Ag nee, macaroni-en-kaas! Ek wens ons het ribbetjies en skyfies vir aandete gehad. (Terwyl sy nog praat, verskyn daar ribbetjies en skyfies op hul borde.)
Ma:	Ai tog, Sandi, kyk wat het jy nou gedoen! Nou het ons nog net twee wense oor. Jy het 'n wens weggegooi. Ek wens daardie ribbetjie sit aan jou neus vas! (Ribbetjie sit onmiddellik aan Sandi se neus vas. Sandi voel aan haar neus en hardloop na die spieël toe.)
Sandi:	(Gillend.) Ma! Ma!
Ma:	Ek is so jammer, Sandi. Ek was kwaad. Kom, laat ek dit aftrek. (Trek aan die ribbetjie wat vassit.) Ag nee, nou het ons net een wens oor. Waarvoor sal ons wens.
Sandi:	Wens dat dit afval! Ek kan nie met hierdie ribbetjie op my neus rondloop nie! Mense sal vir my lag, al sou ons ook die wonderlikste nuwe goed hê.

(Bron: Pearson, Slimkoppe: Afrikaans Huistaal – verwerk)

LEERDER/VERDUIDELIKING/INHOUD

Gedurende Lees: Onderzoek die karaktereienskappe en struktuur van 'n drama:

1. Is die volgende **waar/onwaar** van die uittreksel van die toneel, *Word wense waar?*
2. Jy kan jou antwoorde **kontroleer**.



1. 'n Teks wat geskryf is om op 'n verhoog opgevoer te word.
2. Dit word in hoofstukke verdeel.
3. Die woorde wat deur die karakters gesê word, staan bekend as die dialoog.
4. Aanhalingsstekens word gebruik as 'n persoon praat.
5. Toneelaanwysings beskryf hoe die verhoog gaan lyk, sodat ons weet waar die toneel afspeel.
6. Toneelaanwysings word net aan die begin gegee.
7. Toneelaanwysings verskyn in skuinsgedruk en tussen hakies om dit van die karakters se woorde te onderskei.
8. Klankeffekte word nie beskryf nie, die karakters moet self besluit watter klanke en geluide hulle wil maak.

1. 'n Teks wat geskryf is om op 'n verhoog opgevoer te word. M
2. Die woorde wat deur die karakters gesê word, staan bekend as die dialoog. M
3. Dit word in hoofstukke verdeel. O , dif word bedrywe genoem.
4. Aanhalingsstekens word gebruik as 'n persoon praat. O , slegs dubelpunt na die karakter se naam aan die linkerkant, gevolg deur 'n spasië.
5. Toneelaanwysings beskryf hoe die verhoog gaan lyk, sodat ons weet waar die toneel afspeel. M
6. Toneelaanwysings word net aan die begin gegee. O , dif word regdeur die dialoog gegee en beskryf ook wat die karakters doen en ook hoe hulle lyk (kierdrag).
7. Toneelaanwysings verskyn in skuinsgedruk en tussen hakies om dit van die karakters se woorde te onderskei. M
8. Klankeffekte word nie beskryf nie, die karakters moet self besluit watter klanke en geluide hulle wil maak. O , dif word ook ingeskryf, bv. 'n telefoon wat lui.

Post-Lees:

1. **Hersien** die letterkundige terme. Indien jy vashaak, gaan terug na week 1 waar dit behandel is.
2. **Kontroleer** jou antwoorde onder die selfassessering/-kontrole afdeling.

Pas die letterkundige terme van kolom A by die korrekte beskrywing in kolom B	
1. Ruimte	a) 'n Ma en haar dogter is ontevrede oor hul lewe en het onvervulde wense.
2. Probleem	b) Die ribbetjie wat vassit aan Sandi se neus (tweede wens wat waar word).
3. Ontknoping	c) 'n Kombuis in 'n beskeie huisie net voor aandete.
4. Klimaks	d) Ma wat besef om die tweede wens ongedaan te maak, moet die laaste wens gebruik word om die ribbetjie te laat afval.

3. **Beantwoord** die volgende begripsvrae oor, *Word wense waar?*
 - a) **Wat**, dink jy, het volgende gebeur?
 - b) **Maak 'n lys** van goed waaroor Sandi en haar Ma gewens het.
 - c) **Watter** twee wense het waar geword?
 - d) **Verduidelik** wie of wat dink jy was die vreemdeling?
 - e) **Wat** is die **boodskap** wat die vreemdeling aan die ma en dogter wil oordra? Kies die korrekte antwoord.
 - i. Wense word waar.
 - ii. Moenie wense hardop uitspreek nie.
 - iii. Pasop waarvoor jy wens.
 - iv. Streef altyd na beter en meer.
 - f) **Wat** sou die **raad** aan jou maat wees wat altyd wens vir dinge en besittings buite sy/haar bereik?
4. **Rolspel** nou die uittreksel van die toneelstuk. (In die Pre-Lees het julle dit net voorgelees.) Nou moet jy die volgende in gedagte hou:
 - o **Neem** 'n rol aan: Jy word die persoon wat jy vertolk.
 - o **Gebruik** gepaste taal en gesprekskonvensies: 'n Ma moet klink en woorde gebruik soos die van 'n ma en 'n tiener moet klink en woorde gebruik soos 'n tiener. (Jy mag maar improviseer en tienertaal tussenin gebruik.)
 - o **Gebruik** gepaste liggaamstaal: Laat die toneelaanwysing jou lei.

SELFASSESSERING/-KONTROLE

1. Letterkundige terme

1. c) 'n Kombuis in 'n beskeie huisie net voor aandete.
2. a) 'n Ma en haar dogter is ontevrede oor hul lewe en het onvervulde wense.
3. d) Ma wat besef om die tweede wens ongedaan te maak, moet die laaste wens gebruik word om die ribbetjie te laat afval.
4. b) Die ribbetjie wat vassit aan Sandi se neus (tweede wens wat waar word).



3. Begrip

- a) Die ribbetjie het afgeval en die ma en dogter was nou dankbaar vir wat hulle het. (Jou antwoord moet gepas wees.)
- b) Ma: 'n Beter en groter huis, 'n nuwe sitkamerstel, 'n skottelgoedwasser, 'n sportmotor.
- c) sandi: Iemand om haar by die skool te kom haal, 'n tablet, slimfoon, DStv, ribbetjie en skyfies vir aandete.
- d) Sandi het ribbetjies en skyfies vir aandete gekry en Ma het die ribbetjie wat vassit aan Sandi se neus, afgekry.
- e) die vreemdeling was iemand of iets onwerkliks met magiese magte (toormagte) soos 'n towenaar of misterieuse gees.
- f) Wees dankbaar vir wat jy het. (Gepaste raad)